



PREEKREEKS

26 JUL - 30 AUG






Baie welkom by ons tweede
preekreeks vir 2026!

In hierdie reeks gesels ons oor
genadegawes – die unieke gawes
wat die Here aan elkeen van ons
gee om Hom en ander te dien.

Dié gawes definieer jou nie, en dit
is ook nie iets wat vir altyd
dieselfde bly nie. God gee en
ontwikkel gawes volgens die
seisoene, omstandighede en
roeping van ons lewens.

Daarom noem ons hierdie reeks
Under Construction. Net soos 'n
gebou voortdurend ontwikkel en
verbeter word, is God ook
voortdurend besig om aan ons te
werk en ons toe te rus met die
gawes wat ons op daardie stadium
nodig het.



PREEKREEKS TEMAS



WEEK 1 APOSTEL
Ds Christian Oberholzer



WEEK 2 HERDER
Ds Anuschka du Plessis



WEEK 3 PROFEET
Ds Arno Meiring



WEEK 4 EVANGELIS
Ds Arno Meiring



WEEK 5 LERAAR
Ds Anuschka du Plessis



WEEK 6 FEESDIENS
Ds Christian Oberholzer

KOM BOU SAAM!

Ons glo dat jy in hierdie reeks iets meer gaan ontdek van hoe die Here vir j^{ou} gemaak het en watter talente en vaardighede Hy vir jou gegee het, maar ook dat jy saam gaan bou en jou gawes sal ontwikkel en gebruik om God se wêreld te vestig. Jy kan sien die bou-metafore loop dik (en pas natuurlik perfek by ons eie kerk se bouprojek wat tans vorder). Ons maak in hierdie reeks gebruik van Gert Cordier se boek *Vind jou hoed* en jy is welkom om ook die boekie self te bekom – die kantoor kan jou daarmee help.

WAT IS... GENADEGAWES?

As jy nog nooit gehoor het van die “gawes van die Gees” nie, moet jy nie bekommerd wees nie. Ons gaan juis die eerste week in detail gesels oor watse goed gawes is en al jou vrae antwoord.

In die daaropvolgende vyf weke gaan ons die vyf gawes wat in Efesiërs 4 gelys word (naamlik Apostel, Herder, Profeet, Evangelis en Leraar) aan die hand van voorbeelde bespreek en ook saam dink hoe dit in ons tyd gebruik kan word.

WAT OM TE VERWAG:

Jy gaan waarskynlik iets nuuts in jouself ontdek. Jy gaan ook hoor dat jou gawes nie in beton gegiet is nie, maar kan verander. Dit is belangrik om te besef dat die Here nie vir ons gawes gee om onself te verheerlik nie, maar baie spesifiek om Hom te eer, mense te dien en 'n verskil in die wêreld te maak.

WAAR BEGIN EK?

Ons gaan wegspring met 'n gawes-vraelys wat jy gerus kan voltooi. Dit gaan lekker wees om te sien waar die Here vir jou met jou eie, unieke gawes wil gebruik!



VIND JOU KLEUR 'HARD HAT'

**?
VRAELYS**



- Voltooi die vraelys om te bepaal watter kleur jou hoed is.
- Neem tyd om rustig te word voor jy die vraelys voltooi.
- Voltooi die vraelys deur die eerste antwoord te kies waarheen jy gelei word.
- Wees eerlik met jouself en voltooi volgens die mens wie jy nou is.
- Jy kan die vraelys vind deur die QR-kode te skandeer of na ons webwerf te gaan.

MY GAWE IS _____

Onthou ... hierdie is nie jou identiteit nie. Dit is gawes wat kan verander deur die loop van jou lewe soos jy dit benodig en waarmee die Heilige gees jou toerus vir elke omstandigheid.



WORK IN PROGRESS

HOE NEEM EK DEEL?

EREDIENSTE

Kom neem die volgende ses weke deel aan die eredienste.

Oggenddienste 09:30 / Aanddienste 19:00

GROEPBYEENKOMSTE

Tydens dié reeks gaan daar elke Dinsdagaand 19:00 in die HUB 'n groei-geleentheid wees waar ons dieper gaan delf in elke gawe en vir jou 'n geleentheid gaan gee om te ontdek waar en hoe jy hierdie besondere gawe, wat die Here vir elkeen van ons gegee het, tot eer van Sy naam kan gebruik.

SLUIT AAN BY 'N GROEIGROEP



DAAGLIKSE STILWORD

Gebruik die daaglikse stilword ritmes om rustig met die week se teks om te gaan.



DAAGLIKSE STILWORD

IN DIE OGGEND (15 MINUTE)

- Lees die Bybelteks van die week rustig deur. Probeer verstaan wat jy lees. Moet egter nie vashaak by dinge wat jy nie verstaan nie.
- Lees die teks 'n tweede keer deur.
- Lees hierdie keer luisterend, wagtend, om God se stem vir jou te hoor.
- Is daar 'n woord, beeld of sin wat jou opval?
- Gaan "sit" in daardie woord, beeld of sin en probeer hoor wat die Gees vir jou wil sê.
- Bid 'n kort gebed waarin jy antwoord op wat jy gehoor het.
- Skryf neer wat jy gehoor het. Onthou, dit hoef nie elke dag iets nuuts/vars te wees nie.



IN DIE AAND (10 MINUTE)

WORK IN PROGRESS

- Kyk terug op jou dag.
- Laat jou dag soos 'n film voor jou afspeel.
- Waar was jy vandag die meeste bewus van God se teenwoordigheid by jou?
- Watter geleentheid het God vandag vir jou geskep om liefde te ontvang en liefde te gee? Hoe het jy daarop gereageer?
- Hoe wil jy vir God dankie sê vir vandag?

1Ek druk julle dit op die hart, ek wat 'n gevangene is omdat ek die Here dien: Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het. 2Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde. 3Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe.

4Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. 5Daar is net één Here, één geloof, één doop, 6één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon.

7Aan elkeen van ons is 'n genadegawe gegee volgens die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het.

8Daarom sê die Skrif:

“Toe Hy na die hoogte opgevaar het, het Hy krygsgevangenes saamgeneem en gawes aan die mense gegee.”

9Hierdie uitdrukking: “Hy het opgevaar”, veronderstel tog dat Hy eers neergedaal het na wat laer is, naamlik na die aarde toe. 10Die Een wat neergedaal het, is ook die Een wat opgevaar het bo alle hemelruimtes uit om alles met sy teenwoordigheid te vul. 11En dít is die “gawes” wat Hy “gegee het”: apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. 12Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus. 13So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerk, soos 'n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus. 14Dan sal ons nie meer kinders wees nie; ons sal nie meer soos golwe op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer as vals leraars ons met hulle slinksheid en listigheid op dwaalweë wil wegvoer nie. 15Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof, 16en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.



Teks:

1 Korintiërs 9:16 – 23

Die woord apostel beteken "gestuurde".

'n Apostel is daarom 'n baanbreker vir die evangelie.



HOEKOM PERS?

Pers is die kleur van koninklikes.

Daarom word pers in koninkrykstyl gebruik.

Die fokus van 'n apostel val op die uitbreiding van God se koninkryk. Daarom kies ons pers vir hierdie geskenk of gawe.

**UNDER
CONSTRUCTION**



PROFIEL



Aangesien 'n apostel 'n baanbreker vir die evangelie is, is dit gewoonlik iemand wat nuwe terreine en geleenthede raaksien. **Apostels is gemaklik daarmee om grense oor te steek.** Daarom maak hulle nuwe deurbrake vir die evangelie, veral waar die evangelie nog nie gevestig is nie.

Om 'n **brug te bou** tussen een konteks en 'n ander en tussen een geslag en 'n volgende is iets wat 'n apostel uitstekend kan doen. Die uitbreiding van God se koninkryk is vir 'n apostel baie belangrik.

Waar het ek vandag van God se
teenwoordigheid bewus geword?

Maandag

Dinsdag

Woensdag


Donderdag


Vrydag

Saterdag

Sondag

Onthou van
**DAAGLIKSE
STILWORD**
op bladsy 7





Teks:

1 Samuel 16:6 – 13 en Psalm 23

Herders is versorgers en bewaarders. Dit is immers wat 'n herder vir sy skape doen. Hy versorg hulle.



HOEKOM GROEN?

Herders fokus op versorging en omgee. Daarom assosieer ons groen met hierdie gawe. Dit herinner ons aan Psalm 23:2 wat sê die Here is ons herder wat ons in groen weivelde laat rus.

**UNDER
CONSTRUCTION**





Herders is sensitief vir ander mense se pyn.
Hulle is sensitief vir verhoudings en het 'n passie
om 'n gesonde gemeenskap te vestig. Hulle het n fyn aanvoeling
vir mense. Herders bevorder en koester geestelike groei.

Waar het ek vandag van God se
teenwoordigheid bewus geword?

Maandag

Dinsdag

Woensdag

Donderdag

Vrydag

Saterdag

Sondag



Onthou van
**DAAGLIKSE
STILWORD**
op bladsy 7



Teks:
2 Konings 22
(Gulda, die profeet)

In die Ou Testament, waar die wortels van die profetiese bediening lê, sien ons dat profete mense altyd na die Woord van God terugroep.

'n Profeet is daarom iemand wat die kernwaarhede van die geloof bewaar: profete is mense wat God se hartklop verstaan.

HOEKOM BLOU?

Profete leef vanuit hulle verbintenis en verhouding met God en mense. Hulle leef dus vertikaal én horisontaal. Blou, soos die lug, is daarom 'n goeie kleur vir hierdie gawe.

PROFIEL



Omdat profete **bewaarders** van die kernwaarhede van die **geloof** is en **mense na die Woord van God terugroep**, is hulle mense wat in 'n **hegte verhouding met God leef** en daarvan getuig. Profete is **sensitief vir God se wil**. Getrouheid en die groter prent is vir hulle baie belangrik. Hulle voorspel nie die toekoms nie, maar is visioenêr, juis omdat hulle weet wat God vir ons wil hê. Profete wil die wêreld se fokus na God verskuif. Ons kan sê profete se oë is terselfdertyd gerig op wat rondom hulle gebeur en op wat God verwag.

Waar het ek vandag van God se
teenwoordigheid bewus geword?

Maandag

Dinsdag

Woensdag


Donderdag

Vrydag

Saterdag

Sondag

Onthou van
**DAAGLIKSE
STILWORD**
op bladsy 7



Teks:

Handelinge 16
(Lydia, die evangelis)

HOEKOM GEEL?

Ons assosieer geel met lig, son en lewe. Daarom pas geel by mense met hierdie geskenk of gawe.



Evangeliste is mense wat altyd 'n **positiewe ontmoeting** probeer skep tussen mense en die kernboodskap van die kerk — die Goeie Nuus van Jesus Christus. Die woord evangelie beteken immers "**blye boodskap**". Vir evangeliste is die heel belangrikste dat **mense deel van Christus se liggaam sal word** en dat die kerk só sal groei. Daarom deel evangeliste die goeie boodskap met almal.



PROFIEL



Evangeliste het die **vermoë om mense by 'n saak te betrek**. Dit is omdat hulle **persoonlikheid aansteeklik** is. Hulle kry dit reg om mense deel van 'n saak te laat voel. Sosialisering is een van hulle sterkste eienskappe. Hulle nooi mense maklik in.

Waar het ek vandag van God se
teenwoordigheid bewus geword?

Maandag

Dinsdag

Woensdag


Donderdag

Vrydag

Saterdag

Sondag

Onthou van
**DAAGLIKSE
STILWORD**
op bladsy 7



Teks:

2 Timoteus 3:14 & 4:5

HOEKOM ROOI?

Rooi laat ons dink aan die pen waarmee 'n leermeester nasien en regstel. Daarom assosieer ons rooi met die gawe van die leraar.

Leraars is mense wat ander kan onderrig en leer. Hulle wil gelowiges vanuit die Woord aanspoor om nuut te ontdek.

Die Woord is die kern van dit waarmee hulle elke dag besig is.



PROFIEL



Leraars is bemiddelaars van wysheid en begrip. 'n Leraar is dikwels iemand met 'n filosofiese ingesteldheid wat 'n boodskap met begrip kan oordra. Omdat leraars self hou van leer, oordink hulle die dinge waarmee hulle besig is en probeer ontdek wat die betekenis daarvan vir die kerk is. Hulle spoor ander mense aan om self ook te leer en dieper te delf.

Waar het ek vandag van God se
teenwoordigheid bewus geword?

Maandag

Dinsdag

Woensdag

Donderdag

Vrydag

Saterdag

Sondag

Onthou van
**DAAGLIKSE
STILWORD**
op bladsy 7

Ons het nou aan die einde van ons preekreeks gekom. Ons hoop dat die Gees op 'n wonderlike manier binne jou gebreek en gebou het. Ons glo dat die Here ook vir jou kon bevestig watter gawe Hy vir jou as wonderlike geskenk in hierdie seisoen van jou lewe gegee het. Om so 'n geskenk van die Here te ontvang is 'n groot voorreg en vra ook van ons 'n stuk verantwoordelikheid: om hierdie gawe op so 'n manier te gebruik dat dit tot sy reg sal kom, – tot eer en uitbou van die liggaam van Christus.

Die gawe wat die Here vir jou gegee het is juis daar om ander nader aan Christus te bring en om ander te help om te kan groei en verdiep in hulle verhouding met die Here. Daarom is die groot vraag: hoe gaan jy nou jou gawe gebruik? Waar gaan jy verder met hierdie gawe bou aan die koninkryk van God? Ons daag jou uit om nie nou hier te stop nie, maar om konstant die Here te vra dat Hy vir jou sal wys waar en hoe jy jou gawe kan gebruik. Skakel in en neem deel aan 'n wye verskeidenheid van bedieningsgeleenthede by die kerk. Moet nie wag vir iemand om jou te kontak nie, meld aan!

Hier is 'n geleentheid vir jou om opnuut 'n ooreenkoms tussen jou en die Here te sluit waar jy beloof om hierdie spesifieke gawe wat die Here vir jou gegee het, tot die uitbou van sy koninkryk te gebruik.

Ek gaan hier betrokke raak of aansluit:

1. _____
2. _____
3. _____

Ek beloof om nie die gawe wat die Here vir my as 'n wonderlike geskenk gegee het te verwaarloos nie, maar om elke dag daarmee doenig te wees sodat ek daarin kan groei en die koninkryk van God daarmee kan dien.

Naam & van

Geteken op, by Universiteitsoord



